

## Dinge lyk gunstiger vir rooivleisbedryf

**DIE** internasionale vleissekretariaat (IMS) het op 'n ekonomiese seminaar 'n oorsig gebied oor die internasionale vooruitsigte vir vleis, asook die klem geplaas op meer geleenthede om die openbare debatvoering oor die vrystelling van kweekhuiskasgas in die beesvleisbedryf opbouend te posisioneer.

Volgens mnr. Justin Sherrard van Rabobank is die rooivleisvoorsieningskettings sedert 2021 baie in die kollig, gedeeltelik weens die Verenigde Nasies se voedselberaad en die Verenigde Nases se COP26-beraad oor klimaatsverandering. Die bedryf se ergste vrese is egter nie bewaarheid nie en minimale ongunstige uitkomst is tot dusver waargeneem.

Die eerste reaksie is 'n gevoel van verligting omdat die bedryf 'n koel gestap het. Die tweede is die uitgangspunt dat die debat oor vleis en kweekhuiskasvrystellings 'n ommeswaaier beleef het. Die gunstiger uitkomst is nie toevallig nie. Dit was die resultaat van 'n groeiende aantal groot voedselmaatskappye en organisasies wat hulself tot nulvrystellings verbind, saam met die suksesvolle voorspraak van 'n reeks instellings.

Sherrard meen dat hoewel die rooivleisvoorsieningsketting steeds in die kollig is weens kweekhuiskasvrystellings, daar tans 'n gunstige geleentheid is om die agenda te verander. Dit sal van drie dinge afhang:

- Die beesvleisvoorsieningsketting moet tot aksie oorgaan sover dit die geleentheid

betref om vrystellings te verminder.

- Die mark moet voortgaan om die doeltreffende dryfveer van vrystellingverlagings te wees.
- Die toenemende ontplooiing van doeltreffende data en kommunikasie om die voordele en koste van aksies in die waardeketting te verreken.

### TEGNOLOGIE EN BESTUUR

Sherrard het vyf gebiede van tegnologie en bestuursaspekte uitgelig wat as doeltreffend in wisselende situasies en tydsrepe bewys is:

- **Teelmateriaal, genomika en teling.** Dit sluit in kruisteelgeleentheid tussen vleisbeesbulle en melkkoeie, genetiese seleksie wat moontlik gemaak word deur die insameling en ontleding van data en verbeterings by wyse van kruisteling.
- **Voer- en voerbymiddels.** Daar is 'n groeiende aantal voer- en voedingbymiddels beskikbaar.
- **Slim tegnologie.** Dit kan 'n rol speel om diereprestasie en handel te optimaliseer, asook die ontplooiing van tegnologie wat metaan vasvang.
- **Grondbestuur.** Koolstofvaslegging in die grond is belangrik.
- **Die bestuur van misstof.** Die omskakeling van mis en natuurlike hulpbronne na biogas. Sherrard het twee spesifieke gebiede geïdentifiseer waar aansienlike dalings in vrystellings

behaal kan word, onder meer 'n algemene byvoer aangewend kan word. Daar is bewys die gebruik daarvan lei tot 'n afname van 70% in vrystellings tydens die voer stadium van die lewensiklus. Die seleksie van die ouers wat dié prestasie lewer, kan daartoe lei dat 'n bees in sy/haar lewensiklus 15-20% minder vrystellings produseer.

### GROOT VERSIGTIGHEID

Mnr. Richard Brown van die GIRA Meat Club, 'n strategiese konsultant en marknavorsingfirma, het sommige van dié organisasies se onlangse besprekings opgesom.

Indien daar na die wêreld se vleissituasie as 'n geheel gekyk word, het totale produksie en verbruik in 2020 met bykans 4% gedaal. Dit is meestal die gevolg van die impak van Afrika-varkpes in China en sommige ander Asiatiese markte. Gevolglik het die wêreldhandel in 2020 met meer as 12% gestyg vanweë die groei in die invoervraag van China, terwyl internasionale pryse met amper 6% gestyg het.

Oorkoepelende vleisproduksie het in 2021 gouer herstel as wat verwag is, en verdere matige groei word vir 2022, asook die volgende vyf jaar, voorspel.

Gemiddelde pryse het in 2020 en 2021 gestyg, maar sal na verwagting met 3% daal in 2022.

Beesvleisproduksie groei stadigaan ondanks verhoogde uitvoergeleentheid weens die spesifieke fase van die produk-

siesiklus. Skaapvleis het voordeel getrek uit die hoër wêreldpryse wat verband hou met die verhoogde vraag in China.

### VERBRUIK STYG

Die totale wêreldverbruik van vleis het in 2021 in 'n groot mate herstel tot die vorige hoogste vlakke van 2018. Die vooruitskating is dat dit in 2022 met bykans 2% sal toeneem. Verdere stygings word op mediumtermyn voorspel.

Die hoogste styging sal na verwagting in pluimveevleis wees, wat teen 2026 altesaam 41% van die vleismark behoort in te neem, vergeleke met 40% in 2021 en 35% in 2010.

Bees- en skaapvleispryse sal na verwagting relatief hoog bly in 2022.

Alle vleisondernemings behoort kennis te neem van die volgende onderliggende markkragte:

- Vleisverbruik gaan op lang termyn groei, al is dit teen 'n stadiger koers.
- Stygende produksiekostefaktore gaan ervaar word weens die feit dat bykomende maatskaplike kwessies, soos covid-19, volhoubaarheid en klimaatsverandering, in ag gehou moet word.
- Toenemende konsentrasie sal plaasvind in voorsieningskettings. Nywerheidsmodelle pas vinnig aan om nuwe tegnologie te gebruik.
- Die probleem van alternatiewe vir vleis – dit raak beter en goedkoper. **LBW**

BRON: IMS Newsletter 635

**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**  
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.  
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102  
E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) | WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)